

# KOERSVAS

Jaargang 1    Uitgawe 22    23 Augustus 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Getalle en meerderhede

Die agenda van die 70e AKV word deur afgevaardigdes en belanghebbendes bestudeer. Die inligting daarin vervat, is soms rede tot kommer. Die vraag moet ook gestel word na prioriteite. Lidmate se getalle is een so 'n saak. Op bladsy 363 van die 70e AKV se agenda word daar by wyse van 'n grafiek 'n getalleskatting aangedui wat gaan dien as basis vir die heffings. Dit is belangrik om 'n begroting te baseer op getalle wat so naby as moontlik is aan die werklike getalle. Ons kan daarvolgens dus met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar dat die NHKA in 'n tydperk van minder as twee jaar 15 000 (vyftienduisend) lidmate verloor het. Dit, teen die agtergrond van 'n verlies van ongeveer 10 000 (tienduisend) lidmate oor 'n tydperk van tussen ses en sewe jaar, teken 'n baie somber prentjie. Indien ons aanvaar dat gesonde gemeentes ongeveer vyfhonderd belydende lidmate het, kom dit neer op 'n verlies van 30 (dertig) gemeentes of meer. Die demografiese herskikking van ons land se bevolking kan nie die skuld gegee word vir hierdie syfers nie. Wat gaan die NHKA aan hierdie saak doen? Wat het die KommAKV aan die saak gedoen? Uit ander

dele van die agenda blyk dit duidelik dat die dryf na 'n groeimodel aangespreek word veral vanuit die missionale kerkwees motief. Dit beteken ontseggelik dat die aard van die NHKA, die diepste wese van die Kerk, doelbewus nog meer verander gaan word om hierdie dalende tendens aan te spreek. Dit verklaar nie die onlangse 15% val in lidmaatgetalle nie.

Dit help nie die KommAKV roep ten hemele soete onskuld en beskuldig die onafhanklike gemeentes nie. Die feite gaan nie verander indien die KommAKV verklaar: *Dit is nie die Kommissie wat gefouteer het nie. Dit is die lidmate van die gemeentes wat nou lede van die verenigings is wat gefouteer het en wat verantwoordings moet doen vir hul dade* (lees maar self die robuuste verklaring pas vervat in omsendskrywe 11/2013). Hier is duidelik 'n probleem.

Ons ontken nie dat 'n saak twee kante het nie, daarom erken ons dat ongeveer 5 000 (vyfduisend) lidmate 'n geestelike tuiste gevind het by Selfstandige gemeentes.

Dit verteenwoordig egter net 'n derde van die geprojekteerde verlies. Indien die normale tendens gehandhaaf sou word (bedoelende die dalende lidmate tendens van die afgelope

dekade), kon die getal van tienduisend versag word na 'n verlies van sewe- of agtduisend. Sonder 'n grondige ondersoek sal dit onverantwoordelik wees om die besluite van die AKV en die KommAKV se hardhandige onkerkordelike hantering van die saak die volle blaam te gee. Inteendeel, ons kan maar net reageer op die inligting wat tydens informele gesprekke met ons gedeel word. Dit is duidelik dat 'n groot deel van die lidmate weens 'n ongelukkigheid oorbeweeg het na ander kerke toe. Ons kan ten onregte maklik egter 'n verbruikersmentaliteit die skuld gee. Dit is duidelik dat dit nie "verbruikers" is wat geskuif het nie, maar diep-gegriefde gelowiges wat nie meer vir konflik kans gesien het nie.

'n Tweede groot groep is diegene wat alle vertroue in kerkwees verloor het en nou kerkloos en kerkloos lewe. Kom ons fokus op die kwellende vrae wat hierdie situasie oproep, spesifiek na die aandag van die KommAKV. Die KommAKV se verbete aanslag teen die onafhanklikes ken geen einde nie.

Is dit omdat die onafhanklikes dit durf waag het om openlik te verskil? Is dit dalk omdat die onafhanklikes met eiendom en al rug styf gemaak het? Moet daar nie 'n ander fokus wees nie? Jaag die vervolging en viktimisasie nie dalk meer mense weg nie?

Dalk moet die besluitnemers 'n ander benadering oorweeg. Oorweeg die volgende opsie: *Erken dat 54/69 diepe verdeeldheid tot gevolg gehad het. Wees bly oor die vyfduisend siele wat in 'n onafhanklike weergawe van die NHKA steeds Hervormers is en die Hervormde tradisie koester. Wees bly dat ons rekenskap kan gee van daardie verlies. Kom ons verskuif die aandag na die 10 000 wat in geen kerk tuisgekome het, of in ander kerke tuisgekome het.*

*Kom ons vind by almal uit of hulle nie wil terugkom nie. Kom ons vind ten minste uit watter gedeelte van die mense het nou geen kerk nie. Kom ons werk daaraan om hulle weer kerklik betrokke te kry. Kom ons hou op baklei met die onafhanklikes en kyk of ons nie al die verlore Hervormers kan opspoor en aktief kry nie.*

'n Wyse man het eenmaal gesê dat jy meer by met heuning vang as met asyn. Kom ons fokus op die heuning van die evangelie.

## **NUUSBROKKIES**

- Baie geluk aan prof HG van der Westhuizen wat die afgelope naweek sy nuutste boek bekendgestel het. Die boek handel oor die 100 jaar van Goede Hoop gemeente en is opgedra aan sy oorlede broer.
- Die sentrale komitee, asook die verskillende komitees wat tydens die Geloofsbond se eerste vergadering aangewys is, vergader DV 23 Augustus 2013 om 10:00 te Meyerspark. By hierdie geleentheid sal die notule van die eerste vergadering hanteer en goedgekeur word. Daarna sal die werkswyses en teikendatums van die verskillende komitees uitgeklaar word en sal die komitees verdeel en begin met hul werksaamhede.
- Ds Elmien Oosthuizen het bedank as predikant van die NHKA nadat die KommAKV 'n ultimatum rondom haar betrokkenheid by Pietersburg gemeente gestel het.
- Ds Ronel Eckard het bedank as predikant van die NHKA nadat sy weer opgeroep is om voor die KommAKV te verskyn.
- Dr Daan van Wyk (jr) se besoeke aan Louis Trichardt en Welgelegen (Pietersburg) het 'n

agter-af samewerking tussen die KommAKV en sekere predikante in die Noorde aan die lig gebring. Terwyl ds Eddie Eckard steeds predikant van Van Warmelo gemeente is, is Louis Trichardt se predikant gevra om in Van Warmelo met bediening voort te gaan. Dit is jammer dat hierdie uitgawe so baie negatiewe berigte bevat, maar dit is die resultaat van verskerpte optrede en viktimisasie deur die KommAKV.

- Die KommAKV het 'n skrywe gerig aan die Ringskommissie van die Ring van Zoutpansberg waarin die Ringskommissie opdrag gegee is om sommige kerkrade summier te skors en dan die werksaamhede van hierdie gemeentes oor te neem. Daar is ten minste drie gemeentes ter sprake. Die vraag ontstaan nou of die Ringskommissie dan ook die beroepsaktiwiteite van die gemeentes gaan oorneem.

## **KENNISGEWINGS**

- **PHD:** Premiermyn se Dorkas nooi alle Damesverenigings om 'n tafel of twee te bespreek vir Dowwe Dolla eerskomende Saterdag, 31 Augustus 2013. 10 dames per tafel @ R120 per persoon. Navrae by Alta:

**0826821252**

Stuur u kennisgewings en nuusbrokkies na

[j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net)

of na

[admin@steedshervormers.co.za](mailto:admin@steedshervormers.co.za)

vir opname in die volgende Koersvas.